# DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES

Sedert 1819

25 Januarie 2026

## Gasvryheids-bediening

Kom drink gerus vandag na die erediens tee/koffie in Kosmos, in die kerksaal.
Met dank aan Elisma Lotz en span.

## Gebedsonderwerpe

- Braam, Liesle, Sharon en Siya – bid dat hierdie jaar vir hulle geseënd sal wees en dat hulle vreugde sal vind in hulle werk.
- Ds Werner en al die kategete – bid vir geesdrif en inspirasie, dat hulle iets van die liefde van Christus aan die kinders sal oordra.
- Duisende Nigeriese Christene is verlede jaar ontwortel weens die voortslepende geweld in noordelike Nigerië. Bid dat God aan hulle hoop en stabiliteit sal gee.
- Bid vir almal wat naasbestaandes verloor en groot skade gely het met die vloede in Limpopo en Mpumalanga. Bid ook vir ons buurlande waar daar groot skade en lewensverlies is.

***Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com***


# BORG

**van die maand**

**FEATHER DUSTERS Helderberg**

**Johan Bruwer**

**084 871 0138**



johan@fdusters.co.za


## JAN se deurkollektes

04 Jan: Gemeentebediening – R605
11 Jan: Projekte 2026 – R1799
18 Jan: Dienende Hande - R2158
25 Jan: Sin: Teologiese Kweekskool

## Bybelstudie Stormhaven

Donderdag, 29 Januarie om 10:00

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

| | |
|---|---|
| Rek naam: | NGK Somerset Wes |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rek: | Tjekrekening |
| Rek nr.: | 2900 590 132 |
| Takkode: | 632 005 |
| Verwysing: | Dankoffer/Kollekte |

**2. Snapscan:**

SnapScan

Snap here to pay

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.

## Lofdiens 09:00

Goeiemôre en baie welkom by ons erediens. Vanoggend vier ons 'n lofdiens en weens die liefde wat die Here vir ons het, bring ons aan Hom lof en eer.
Die Skriflesing vanoggend is uit 1 Korintiërs 1:10-18. Paulus beklemtoon hoe belangrik eensgesindheid in God se kerk is. As gelowiges leef ons in gemeenskap met mekaar, en ons kan nie bely dat God liefde is as daardie liefde nie sigbaar word in ons verhouding met mekaar nie.
Daarom kom ons vandag saam om uit een mond aan God die eer te bring, aandagtig te luister na die musiek van sy stem, en saam met Hom te leef en selfs te dans op die dansvloer van die lewe.

## Stroming

Hierdie diens se skakel sal ongeveer 08:45 beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

## Bybelstudie Woensdae

**Oggende: 2-weekliks**
28/01: Patmos.
**Aande: weekliks**
28/01: Patmos.

## Gebedsgroep Woensdae

28 Januarie om 09:00 in die konferensiekamer.

## Voorbidding

- **Elmaré Rankin,** skoueroperasie.
- **Marcel Malan,** behandeling.
- **Obie van Niekerk,** behandeling.
- **Christo Meyer,** herstel na hospitalisasie.
- **Dawie Rossouw,** behandeling.
- **Stephan Janse van Rensburg,** chemoterapie.
- **Corrie Swanepoel,** broos.
- **Chellé vd Merwe,** broos.
- **Kobus Blaauw,** broos.





*Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!*

## Manne Reisgesprek Vrydagoggende

## 30 Januarie 2026

in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30

# Nuwe intrekkers

*Ons verwelkom graag nuwe intrekkers in ons Omgeegemeente.*

**Prosedure vir aansluiting**: Voltooi asb. die ***nuwe intrekkersvorm*** wat in die kerk se portale beskikbaar is, of op ons gemeente se webtuiste by: https://ngkerksomersetwes.co.za/, sodat ons jou inligting op die stelsel kan insleutel en jou attestaat van die vorige gemeente kan aanvra. Gooi sommer jou voltooide vorm die volgende Sondag in die kollektebord of epos dié vorm na Liesle by ngsomerset@mweb.co.za. ***Ons nooi alle nuwe intrekkers, besoekers en kuiergaste om na elke erediens te kom tee drink in KOSMOS in die kerksaal.***

***Daar word 1 x per kwartaal op dieselfde Sondag as nagmaal (sien kerkkalender in dié verband), 'n tee spesiaal net vir nuwe intrekkers aangebied in PATMOS, in die kerksaal. Volgende geleentheid is Sondag, 8 Februarie. Tydens hierdie geleentheid sal ds Willem 'n vinnige oorsig gee oor die gemeente se samestelling, aksies en werksaamhede. Jy is genooi!***

# Kategese

## 25 Januarie 2026

### Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

***Voorskool**: Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.*

#### Groei-goggas: Ons leer mekaar ken

Die kleuters gaan speel-speel mekaar en vir tannie Rona beter leer ken en elkeen gaan help om die vertrek op te maak met prente van plante en klein diere wat almal nog besig is om te groei. Die kleuters gaan dié jaar leer hoe plante en diere groter groei en hoe hulle ook geestelik gaan groei as kinders van die Here.

***Graad 1-6**: Tydens die erediens in die kerksaal.*

#### My blink ID: Nie net 'n Nommer nie


Sondag raai ons wie die hoofkarakter is uit bekende flieks en praat hoekom dit hulle identiteit vorm. Jy is ook die hoofkarakter van jou lewe. Dink jy dat God jou in 'n skare sal kan uitken? Luister wat sê Jesaja 43:1 ***"Ek het jou op jou naam geroep, jy is myne."*** Natuurlik kan God jou tussen 'n skare mense uitken! Hy ken jou naam! Jy is nie net 'n nommer nie. Ons praat oor jou eerste sertifikaat en wat jou nuwe naam is as kind van God.

Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)
Jeug verteenwoordiger: Rona van Zyl (082 339 1362)

### Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens (behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband), in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen.

Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)
Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)




**Die span gee terugvoer oor hul besoek wat plaasgevind het van 22 Desember 2025 tot 5 Januarie 2026.**

**Kom kuier saam:**

**29 Januarie 2026**

**18:30**

**Helderberg Gemeente Tent**

**Melanie Smit - uitreik@nghelder.co.za**

## Die BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIORS

kom op **Donderdag 5 Februarie 2026** om **09:50** by die **Omgeegemeente (Moederkerk)** in **Somerset-Wes** bymekaar.
Mev. Heloïse Breytenbach-Uys, 'n sielkundige,
sal by hierdie geleentheid met ons gesels oor

***"Die pilare van geestesgesondheid".***

Alle seniors/afgetredenes word
hartlik uitgenooi om by ons aan te sluit.
Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee of koffie,
verversings en goeie geselskap vanaf 09:15.
Almal welkom.
Bywoningsgelde vir lede: R20 / besoekers: R30

Naas du Preez
Sel: +27 82 804 1729 / E-pos: ndupreez022@telkomsa.net

### *Helderberg Seniorklub*

*BYEENKOMS:* Dinsdag 3 Februarie 2026
*PLEK:* NG Kerk Helderberg, Firmountweg, Somerset-Wes
*TYD:* 09:00 Tee en verversings
09:30 Samesang en program
*TEE:* Lede: R10-00; Besoekers: R20-00
*SPREKER:* Prof Hannes Pretorius kom gesels oor:
"Die wonder van die Skepping"

Ons nooi alle afgetredenes hartlik uit na ons byeenkoms.
***Almal baie welkom!***

# UITNODIGING TOT GEMEENSKAPSDIENS

HUIS MARIE LOUW

*ACVV Huis Marie Louw – Sorgfasiliteit & Leefreg Skema*

ACVV Huis Marie Louw nooi toegewyde gemeentelede uit om deur diens op die Bestuurskomitee 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die sorg en welsyn van ouer persone.

Die Bestuurskomitee ondersteun die dagbestuur en dra by tot die volhoubare bestuur van die fasiliteit. Dit is 'n vrywillige posisie (geen vergoeding).

**KUNDIGHEID WAT BENODIG WORD:**

Personeelbestuur, bemarking, fondsinsameling, leefreg-bestuur, fasiliteit-onderhoud, en/of regs-en kontrak kennis.

Indien u geroepe voel om betrokke te raak, hoor ons graag van u.

**KONTAK:**

**Nico Claassen (Voorsitter) – 082 881 9070 I claassen.consult@gmail.com**

---

***SAAM KAN ONS 'N VERSKIL MAAK.***

## GEMEENTEKUIER
# HAMBURGERAAND

*Aangebied deur Dienende Hande*

Kom geniet weer 'n heerlike hamburgeraand saam met die gemeente.

**Vrydag, 30 Januarie 2026**
**Tyd: 18:00**
**Plek: Kerksaal**

***R50 / hamburger***



**Besprekings:**

Bespreek by Liesle:
**021 852 1787 / 083 272 1745**
teen 26/01/2026 om 14:00

**Betaling** (met bespreking):
- Kontant
- Kredietkaart
- SnapScan
- EFT

**NB: Verwysing by EFT:**
**Hamburgeraand + NAAM & VAN**

**Bring asb saam:**
Eie eetgerei
Glase
Drinkgoed
Koffiebeker

DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES

**Moet asb. NIE slegs 'n inbetaling in die kerk se rekening maak sonder om te bespreek nie.**
**Jy moet eers bespreek. Indien jy net 'n betaling doen en nie bespreek nie, gaan ons nie voorsiening vir jou maak nie, want ons weet nie van jou nie.**